ONS GLO
LAERSKOOL RANDHART
Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

27 Oktober 2025

Geagte Ouers/Voogde

**SKRYFBEHOEFTES VIR 2026**

Om die skooljaar op die regte noot af te skop, is dit nodig dat leerders reeds op die eerste skool-dag van 2026 al die nodige skryfbehoeftes sal hê. Ons doen dus ʼn beroep op u as ouers/voogde om die skrywe deeglik te bestudeer en te verseker dat u kind gereed sal wees om die akademiese jaar met selfvertroue aan te pak. Indien u kind reeds beskik oor sekere van die items op die laaste bladsy en dit nog in ʼn goeie toestand is, kan dit beslis weer gebruik word.

LET WEL: U is self verantwoordelik om die skryfbehoeftes en ander benodigdhede op die laaste bladsy van hierdie skrywe **by enige verskaffer** aan te koop. Items wat met ʼn ✓ gemerk is, is die items wat vir die betrokke graad benodig word.

Die onderstaande items is die items wat deur die **skool aangekoop en verskaf** sal word. **Ouers is verantwoordelik** vir die betaling van die bedrag **voor einde Januarie 2026**. Die betaling sal d.m.v. die **D6 Connect-toepassing** geskied en reeds op **28 Oktober 2025** open vir betaling.

| Items wat die skool verskaf en deur ouers betaalbaar is | Gr. 2 | Gr. 3 | Gr. 4 | Gr. 5 | Gr. 6 | Gr. 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Skrifte: Minimale bydrae | **R100.00** | **R100.00** | **R125.00** | **R125.00** | **R125.00** | **R165.00** |
| 2. Huiswerkboekie | **R40.00** | **R40.00** | **R40.00** | **R40.00** | **R40.00** | **R40.00** |
| 3. Mediasentrum: Uitleensakkie | **R30.00** | **R30.00** | | | | |
| 4. Plastiekoortreksels vir skrifte (A4; A5) (R5.00 elk) | (0 ; 1) **R5.00** | (0 ; 1) **R5.00** | (0 ; 2) **R10.00** | (2 ; 2) **R20.00** | (2 ; 2) **R20.00** | (0 ; 2) **R10.00** |
| 5. Plastiese Croxley-lêer (R21.00 elk) | (4) **R84.00** | (3) **R63.00** | (1) **R21.00** | | | (1) **R21.00** |
| 6. Plastiese koevert (R30.00 elk) | (2) **R60.00** | (2) **R60.00** | (3) **R90.00** | (3) **R90.00** | (3) **R90.00** | (1) **R30.00** |
| 7. "Flip file" 10 sakkies (R12.00 elk) | (1) **R12.00** | | | | | (2) **R24.00** |
| 8. "Flip file" 20 sakkies (R21.00 elk) | | | (6) **R126.00** | (7) **R147.00** | (6) **R126.00** | (9) **R189.00** |
| 9. "Flip file" 50 sakkies (R52.00 elk) | | (1) **R52.00** | | | (1) **R52.00** | |
| 10. Wiskunde boek | | | **R80.00** | **R80.00** | **R80.00** | **R80.00** |
| 11. Verpligte etiketpakket | **R140.00** | **R140.00** | **R140.00** | **R140.00** | **R140.00** | **R140.00** |
| **TOTAAL (adminfooi ingesluit):** | **R475.00** | **R490.00** | **R635.00** | **R645.00** | **R675.00** | **R700.00** |


Vanaf 2026 trek die Ranties se skrifte ŉ splinternuwe baadjie aan.  Meer wil ons nie nou sê nie, maar u sou moontlik opgelet het dat daar nie meer fooie vir talle gekleurde voorblaaie en plastiekoortreksels gehef word nie.

U sou ook moontlik opgemerk het dat daar ŉ nuwe toevoeging tot die lys is nl. ŉ verpligte etiketpakket.  Hierdie pakket het ten doel om verlore items of items, wat verlê word, hok te slaan.  Elke pakket word spesiaal verpersoonlik vir u kind en moet aangewend word om u kind se skryfbehoeftes, benodigdhede en klerasie duidelik te merk.  Ingesluit is ook o. a. ŉ sak-etiket, sodat u kind sy/haar sportsak of tas kan merk.  Die boek-etikette gaan aangewend word om leerders se name voor op hul skrifte aan te bring.

**Die etiketpakket sluit die volgende in.**

- 3 supergroot etikette
- 63 dun pen- en potlood-etikette
- 6 groot algemene etikette
- 24 standaard algemene etikette
- 6 groot blokkies
- 9 klein blokkies
- 6 groot kolletjies
- 24 klein kolletjies
- 18 mikro-etikette
- 21 boek-etikette
- 12 skoen-etikette
- 45 inplak-klere-etikette (wasbaar)
- 1 sak-etiket

Hier is ŉ voorsmakie van slegs enkele etikette wat by die pakket ingesluit is.







Ons glo dat hierdie pakkette ŉ baie sinvolle en waardevolle nuwe toevoeging tot ons skryfbehoeftelys vir 2026 is.

| Items wat u self moet aankoop | Gr. 2 | Gr. 3 | Gr. 4 | Gr. 5 | Gr. 6 | Gr. 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Geskikte tas of rugsak | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| 2. 1 pakkie plakkers (sterre/gesiggies) | ✓ | | | | | |
| 3. Goeie blou balpuntpen (nie vloeibare ink nie) | | ✓ | 4 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 4. HB-potlood (Staedler Tradition HB) | 16 | 10 | 4 | Ops. | ✓ | Ops. |
| 5. Clutch-potlood met HB-lood | | Ops. | Ops. | ✓ | Ops. | ✓ |
| 6. Croxley skerpmaker met houertjie | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| 7. Goeie uitveër bv. Croxley | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| 8. Skêr (skerp) ✿Groot ❇middelslag | ❇ | ✓ | ✓ | ✿ of ❇ | ✿ of ❇ | ✿ of ❇ |
| 9. 30 cm liniaal | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| 10. Croxley inkleurpotlode (12) | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| 11. Croxley gomstokkie (groot) – voorlopig 1 | ✓ | ✓ | 4 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 12. Pennesakkie of "spacecase" | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| 13. Croxley oliepastelle (16) | ✓ | ✓ | | | | |
| 14. Croxley uitdraaikryte (12) | ✓ | ✓ | | | | |
| 15. Stabilo *point 88 Fine* 0.4 penne (stel van 10) | | | | Ops. | Ops. | Ops. |
| 16. ❀Kleurpenne ✻Croxley pastel highlighters | ✻ | ❀ & ✻ | ❀ & ✻ | ❀ & ✻ | ❀ & ✻ | ❀ & ✻ |
| 17. Croxley witbordmerkers (4) | ✓ | | ✓ | ✓ | | ✓ |
| 18. Waterlynskrif A4-grootte 72 bladsye | 2 | | | 2 | 2 | |
| 19. A5-indeks hardebandboekie (ABC gemerk) | ✓ | ✓ | ✓ | | | |
| 20. A4-gekleurde papier | | | ±50 | ±50 | ±50 | ±100 |
| 21. Witbordjie | ✓ | | ✓ | ✓ | | ✓ |
| 22. 120 telraam NB! | ✓ | | | | | |
| 23. Passerstel | | | | | ✓ | ✓ |
| 24. Sakrekenaar: **Casio *fx* – 82ZA Plus** | | | | | ✓ | ✓ |
| 25. Afr. Verklarende Woordeboek ❇HAT | | | Tuis | Tuis | Tuis | ❇ Tuis |
| 26. Oxford School Dictionary (verklarend/concise) | | | Tuis | Tuis | Tuis | Tuis |
| 27. Afr. & Eng. Tweetalige Skoolwoordeboek | | | Tuis | Tuis | Tuis | Tuis |
| 28. Eksamenblok | | | 2 | 3 | 2 | 3 |
| 29. Boks snesies (groot) | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| 30. Swart asbliksakke (pak van 10) | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| 31. Handewasseep | 1 druk | 1 druk | 1 druk | 1 druk | 1 druk | 1 druk |

Ops. = Opsioneel

**Let wel**: Alle graad 4 tot 7-leerders gebruik tablette i.p.v. handboeke. Hulle lees egter steeds leesboeke en skryf in alle vakke in skrifte. Alhoewel die skool geen amptelike skooltas voorskryf nie, is dit noodsaaklik dat die leerders 'n tas sal hê wat leesboeke, skrifte en tablette voldoende sal beskerm. Ouers word daarom aangemoedig om geskikte tasse aan te skaf.

Byvoorbaat dank vir u ondersteuning en samewerking.

I K Kichenbrand
Adjunkhoof

D F Venter
Skoolhoof